**Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging**
Soutpansberg

**NOTULE VAN TAKVERGADERING 1 AUGUSTUS 2018**

**TE SOUTPANSBERG GOLFKLUB OM 18H00**

## 1. OPENING, VERWELKOMING EN ORDE REëLINGS

1.1. Barend open die vergadering met gebed.

1.2. Barend verwelkom almal teenwoordig by die vergadering asook enige nuwe lede.

1.3. Charles en Gerald kan nie die vergadering bywoon nie en het Charles versoek dat Barend vanaand se vergadering hanteer.

1.4. Dit word versoek deur Barend dat almal asseblief die presensielys moet teken.

1.5. Die “Te Doen Lys” word bygehou deur Marie Mostert.

## 2. PRESENSIE, BYWONING EN VERSKONINGS

2.1. Verskonings
Die volgende verskonings word aangeteken: Charles Pieterse, Marchelle Pieterse, Gerald Marallich, Awie Crossberg, Harvey Wright, Armand Schoeman, Theo Lordan, Jan en Stoffel Joubert, Andre, Elmarie en Naas Fogwell, Marco Voightt, Michael, Mariaan, Monique en Tiny Rademeyer, Ben en Jeanette van der Merwe, Corrie Steenkamp, Jannie van Zyl, Cobus Tredoux, Jan en Meisie Malan en Minnette van der Walt.

## 3. MOSIES (LIEF EN LEED)

3.1. Almal wat verjaar het sedert laaste vergadering tot nou word hartlik geluk gewens.

3.2. Hartlike gelukwense aan Ben en Jeanette van der Merwe met die geboorte van hulle seuntjie.

3.3. Aan die Rademeyers gesin en van der Merwe’s baie geluk wat oumas en oupas geword het.

3.4. Andre en Naas Fogwell se Moeder is baie ernstig sien aan kanker en ons dink aan hulle in ons gebede.

3.5. Innige meegevoel en meelewing aan Minnette en Len van der Walt asook spesiale meegevoel aan Minnette se skoondogter wat haar babatjie verloor het. Ons dink ook aan julle in ons gebede.

## 4. KONSTITUERING

Kworum van lede is teenwoordig en die vergadering word wettig verklaar.

## 5. DOELSTELLINGS

*Om kennis op te doen van die wild- en natuurlewe.*

*Om met ander organisasies en instansies saam te werk wat dieselfde, en soortegelyke doelwitte nastreef as hierdie Vereniging en in die algemeen alles te doen wat bevorderlik is vir die bewaring, beskerming, aanvulling en volhoubare benutting van die wild- en natuurlewe in die algemeen.*

*Om die jag van wild op selektiewe, oordeelkundige en etiese wyse in die algemeen te bevorder en niks te doen of toe te laat wat strydig is met enige landswet, of ordonnansie met betrekking tot wildbewaring en natuurlewe in die algemeen nie.*

*Die Vereniging is 'n nie-wins Organisasie.*

*Die Vereniging is 'n nie-politieke Organisasie en het geen politieke affiliasie nie.*

*Om ons kultuurerfenis van jag- en jagwapens te behou en enige bedreiging daarteen ten sterkste teen te staan. Om hierdie kultuur van jag- en jagwapens aktief uit te leef, te bevorder en uit te brei, veral onder die jeug. Om deel te wees, volgens keuse, van enige verteenwoordigende verkose liggaam, organisasie of vereniging wat op 'n gekoördineerde wyse hierdie jag- en jagwapenkultuur beskerm en uitdra.*

## 6. VASSTELLING VAN AANVULLENDE SAKELYS (Toevoegings tot Agenda)

6.1. Geen aanvullende sake nie.

## 7. GOEDKEURING VAN NOTULES

7.1. Barend bevestig en maak seker dat al die lede die agenda en vorige notule ontvang het.

7.2. Geen wysigings word aangeteken nie.

7.3. Barend vra vir goedkeuring van die vorige notule. Voorstel word gegee deur Dr Len van der Walt en Dr. Charl Venter as sekondant. Vorige notule word aanvaar en goedgekeur.

## 8. GOEDKEURING VAN NUWE-LEDE, LEDE WYSIGINGS, TOEGEWYDE JAGTERS EN/OF SPORTSKUTS

9.1. Nuwe lede

| | |
|---|---|
| RW Topham Lid 9777 | Dr. Fred Badenhorst van Snr na Gesin |
| T Niemand Lid 9802 | Dieter Prinsloo van Snr na Gesin |

9.2. Toegewyde jagters vir goedkeuring

A Breytenbach Lid 9274
HPAH Ahrens lid 1676
AG Lawrence Lid 9779
CM de Beer Lid 9652
A Crossberg Lid 9700
C Roos Lid 1674

9.3. Toegewyde sportskiet toegeken
Geen

## 9. WYSIGING/BEDANKING/KOOPTERING VAN VORIGE BESTUURSLEDE

9.1. Bedanking van bestuurslede – Geen

9.2. Kooptering – Geen

## 10. SAKE VOORTSPRUITEND

10.1. Terugvoer Fondsinsameling – Naamlyste en bankbesonderhede vir die jeug fonds. Barend spreek die vergadering toe en dat daar nog baie min reaksie vanaf die lede was om te help met die fondsinsamelings projek. Barend motiveer weereens die doel van die fondsinsameling en hoekom dit belangrik is dat ons fondse bymekaar maak vir die jeug.

## 11. IMPALA / SKAKELBEAMPTE NUUSBRIEWE EN SUB REDAKSIE

11.1. Die Impala Aand – Die aand is uitgestel na ŉ ander datum wat later aan die lede deurgegee sal word. Die idee is om die Impala-aand te kombineer met ŉ skietdag.

11.2. Nuusbrief – Marie gee terugvoer dat sy ŉ paar artikels, foto's en stories ontvang het. Daar het wel ŉ grappie ingekom maar geen resepte het nog ingekom nie. Die konsep nuusbrief is klaar en moet deur die dagbestuur goedgekeur word. Daar het egter nie baie advertensies ingekom nie en ŉ beroep word gedoen vir enige advertensies wat lede nog wil plaas, om dit so gou moontlik aan te stuur. Marie doen ook verder ŉ beroep op die lede dat indien hulle nog stories, foto's, resepte en/of grappies het, om dit so gou moontlik vir haar aan te stuur. Dit word beplan om die nuusbrief voor einde Augustus 2018 uit te stuur.

Barend doen ook ŉ beroep op die vergadering om asseblief deel te neem aan die nuusbrief met insette van ons lede.

Dit word aan die lede meegedeel dat enige verdere insette voor 10 Augustus 2018 by Marie moet wees sodat die nuusbrief gefinaliseer kan word.

11.3 Barend noem dat daar op vorige tak vergadering gevra is dat die inligting wat Kol.Bezuidenhout met vergadering gedeel word verkry moet word en na lede Deurgee word op nuusbrief. Met die nuwe verwiikkelinge soos wat bespreek sal word in Korrespondensie 12.1 verander dit wat bespreek is.

## 12. KORRESPONDENSIE

12.1. Inhandiging van vuurwapens - CHASA korrespondensie in verband met die tydelike bevel toegestaan aan GOSA. Op 30 Julie 2018 was skrywe deur CHASA uitgestuur. Verder het die Kommissaris van Polisie ook 'n skrywe uitgestuur in verband met die aangeleentheid. Barend lees die skrywe voor soos dit van SA Jagters ontvang is met die skrywe van die Kommissaris wat aangeheg is. Die Kommissaris se skrywe sal aan die lede uitgestuur word.
Barend noem dat lede egter nogsteeds die wapens eerder net in hulle kluise moet hou tot ons verdere opdragte vanaf die SAPD ontvang.

## 13. OPLEIDING

13.1. Junior 2 – Johan doen verslag: Beplanning is om die kursus in die Oktober 2018 skool vakansie aan te bied. Reëlings sal met die studente en instrukteurs kommunikeer word.

13.2. CHASA Senior Toegewyde Jagter Kursus – Johan doen verslag: Daar is meer as genoeg lede wat belangstel om die kursus by te woon. Ons het reeds handleidings aangevra by hoofkantoor en wag net om van hulle te hoor wanneer dit beskikbaar sal wees. Sodra ons die handleidings het sal ons die datums kan vasmaak.

13.3. Trofeemeet kursus van 18 Julie 2018 – Johan doen verslag: Die kursus was weer by Frikkie se lokaal aangebied. Die kursus het baie goed afgeloop. Dit was dan ook die laaste trofeemeet kursus vi die jaar.

## 14. TROFEEMETING

14.1. Johan laat weet dat die 25ste Augustus 2018 die laaste geleentheid is om trofees te laat meet en in te skryf.

14.2. Tannie Lia reël ook met Frikkie vir die gebruik van sy lokaal vir die trofeemeet op die 25ste Augustus 2018.

## 15. FONDSINSAMELING

15.1. Reeds bespreek onder 10.1 by Sake Voortspruitend.

## 16. SKIET , SKIETBAAN en SKIET TAAKSPAN

16.1. Spanskiet van 4 Augustus is uitgestel tot verdere kennisgewing weens die jagseisoen. Barend noem ook dat daar 'n nuwe baan by Waterpoort beplan word vir die spanskiet. Verder word daar ook gekyk om die skietdag met die Impala aand te kombineer.

16.2. Soutpansberg Skietklub se .303 skietdag is uitgestel na 11 Augustus 2018.

16.3. Moontlike TYRO skiet wat opkom in Augustus 2018 . Oom Jannie is nie vanaand hier nie. Niemand het enige verdere informasie beskikbaar nie.

## 17. FINANSIES en LEDEWERWING

17.1. Gerald sal op die volgende vergadering verslag doen.

## 18. SAKE VIR BESPREKING (NUWE SAKE)

18.1. Vroue Skietdag op 1 September 2018 – Barend doen verslag en noem dat die bestuur dit sal bespreek op die bestuursvergadering en dan die inligting aan die lede sal deurgee.

18.2. Ruilhoekie – Dr Len van Der Walt stel voor om ‘n ruilhoekie te begin waar skenkings aan die tak gemaak kan word en weer aan die lede beskikbaar gestel word. Veral vir goedere wat nie meer gebruik word nie. Sodoende help dit weer ander lede wat iets anders soek.

18.3. Frikkie van Turners wapen winkel skenk drie herlaai boekies, dit is gratis beskikbaar vir drie gelukkige lede.

18.4. Beroep word gedoen dat lede dalk die Agenda en Notule van vergaderings vroeer ontvang. Voorstel is gemaak dat dit minstens 2 dae voor vergadering uitgestuur word. Barend verduidelik dat daar gepoog sal word om dit vroeer uit te stuur maar dat lede ook moet verstaan dat dit tans gedoen word uit Charles se kantoor waar almal baie besig is. Barend bedank alle lede in Charles se kantoor vir die werk wat hulle doen vir die BJV tussen in hulle ander werk.

## 19. DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING

Volgende Tak vergadering is op 5 September 2018.

## 20. AFSLUITING

Dr. Len van der Walt sluit die vergadering af met gebed.

Goedgekeur en geteken te LOUIS TRICHARDT op die ____ dag van _____________ 2018.

____________________ VOORSITTER

____________________ BESTUURSLID